


SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN



FEBRUARIE / MAART

2006

HOUTWERK

SG

Eerste Vraestel

Tekene

720-2/1 A

HOUTWERK SG: Vraestel 1

8 bladsye



720 2 1A

SG

X05



KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

HOUTWERK SG
(Eerste Vraestel: Tekene)

TYD: 3 uur

PUNTE: 100

BENODIGHEDE:

- Tekene-antwoordboek (720-2X) met drie A3-antwoordvelle
- Tekeninstrumente

INSTRUKSIES:

- Die eksamenvraestel bestaan uit VIER vrae.
 - Al die vrae is VERPLIGTEND.
 - Na afloop van die eksamen moet jy jou antwoordvelle in numeriese volgorde in die boonste linkerhoek vaskram.
 - Jou eksamennommer moet in die linker onderste hoek van elke antwoordvel geskryf word.
 - Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of besonderhede uitgelaat is.
-
-

VRAAG 1

Figuur 1 op bladsy 6 van hierdie eksamen vraestel toon 'n isometriese aansig van 'n **servetring**. Die driekantige gat is in die middel van die seskantige prisma geplaas.

- 1.1 Teken, volgens 'n skaal van 1:1, in **derdehoekse ortografiese projeksie**, die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig in die gegewe spasies op antwoordvel 1.
- 1.2 Dui die volgende afmetings op die vooraansig aan:
- (a) Die hoogte van die seskantige prisma
 - (b) Die hoogte van die driekantige gat
 - (c) Die lengte van die onderste sy van die seskant
- 1.3 Toon die projeksiesimbool. [14]

VRAAG 2

Figuur 2 op antwoordvel 1 toon, in eerstehoekse ortografiese projeksie, die vooraansig en bo-aansig van 'n **servethouer**.

Projekteer, meet en teken 'n **hulpaansig** soos in die rigting van pyl **P** op die hulp-vertikale vlak op antwoordvel 1. [16]

VRAAG 3

Figuur 3 op bladsy 7 van hierdie eksamen vraestel toon die vooraansig, bo-aansig en linkeraansig van 'n **voegkonstruksie** in eerstehoekse ortografiese projeksie.

- 3.1 Teken op antwoordvel 2, volgens 'n skaal van 2:1, 'n **isometriese aansig** van dele **A**, **B** en **C** los van mekaar, maar in 'n posisie om in mekaar te skuif op die isometriese asse.
- Toon die versteekte besonderhede op deel **B**.
 - Die dele mag nie oorvleuel nie.
 - Gebruik hoek **D** vir die plasing van deel **B**. Sien antwoordvel 2. [35]

VRAAG 4

Figuur 4 op bladsy 8 van hierdie eksamenvraestel toon 'n isometriese aansig van 'n kabinet.

Afmetings en addisionele inligting:

- **Die spieëlraam:**
 - Die raam is 40 mm breed en 20 mm dik.
 - Die spieël is 5 mm dik en pas in 'n sponning van 15 mm diep in en moet met 'n 10 mm x 10 mm-kraallys bevestig word.
 - Daar is geen paneel agter die spieël nie.
- **Die kabinet-romp:**
 - Alle hout is deurgaans 20 mm dik, behalwe die agterste paneel wat 5 mm dik is.
 - Die agterste paneel pas in 'n sponning en is nie sigbaar van die kant af nie.
 - Die blad het 'n oorhang van 25 mm, voor en langs die kante.
- **Die laaie:**
 - Die linkerkantse laai is verwyder om detail te toon.
 - Die laaie se diepte is gelyk aan die diepte van die kabinet.
 - Die voorkante van die laaie is 20 mm dik.
 - Die sykante en agterkante is 15 mm dik.
 - Die agterkante van die laaie is 20 mm laer as die sykante.
 - Die bodems, wat 5 mm dik is, pas in 'n groef en loop met die hele lengte van die laai langs.
- **Die deure:**
 - Die relings en style is 60 mm breed en 20 mm dik.
 - Die laaghout-panele is 5 mm dik en pas in 'n groef wat 10 mm diep is.

HOUTWERK SG (Eerste Vraestel)	720-2/1 L	5
--	------------------	----------

Teken, volgens 'n skaal van 1:5, in eerstehoekse ortografiese projeksie op antwoordvel 3,

4.1 die vooraansig.

4.2 die deursnee linkeraansig op snyvlak **YY**, met die laai en deur in die toe posisie.

[35]

TOTAAL: 100




FIG. 1

NAPKIN RING
SERVETRING





FIG. 3

JOINTS
 VOEE






FIG. 4

CABINET
KABINET